# JEUGLES: Gawes van die Heilige Gees - Doen Gawes

**1. Praise en Worship**

**2. YSBREKER**: **Moontlik/onmoontlik**

Elke groep kry ‘n blaai met stellings op.  Die groepe moet besluit tussen: moontlik, onmoontlik, dalk kan gebeur en wat hulle nie seker is sal gebeur nie.

Kry terugvoering van groepe.

**3.  PROCESS YSBREKER:**

Met die ysbreker was daar sekere wilde stellings gemaak, wat baie van ons sal sê onmoontlik klink, want hoe sou jy ooit geld uit ‘n vis se bek kan kry, ‘n donkie wat praat of die son wat stil staan. Die is egter nie net stellings nie maar FEITE, want dit het werklik gebeur en is in die Bybel opgeskryf.  Ons dien ‘n God wat die ontmoonlike moontlik maak.

Ons gesels vanaand verder oor die Gawes van die Heilige Gees.  Ons hetverlede week geleer dat daar 9 gawes is, die gawes kan ons in drie groepe verdeel nl:  Doen Gawes, Spreek Gawes en Weet Gawes

Vanaand gaan ons begin gesels oor **DOEN GAWES** wat bestaan uit:-

- Gawe van genesing
- Gawe van wonderwerke
- Gawe van geloof

Ons het baie stories in Bybel gelees oor hoe God die onmoontlike kan doen en dat God selfs deur gewone mense soos ek en jy die onmoontlike wil doen.

**4. GROEPWERK: Gawe van genesing**

Lees die volgende teksverse in die groep en prober dan’n definisie skryfvir die Gawe van genesing wat julle nou gaan lees.

**Johannes 5:5-9**
Onder hulle was daar ‘n sekere man wat al ag en dertig jaar lank siek was.  Jesus het hom sien lé en het geweet dat hy al baie lank siek was.  Toe vra Hy vir hom: “Wil jy gesond word?” Die sieke het Hom geantwoord: “Meneer, ek het niemand om my in die bad te sit as die water in beweging kom nie, en terwyl ek aansukkel, gaan iemand anders voor my in”.  Jesus sê toe vir hom: “Staan op, tel jou goed op en loop.” Oombliklik het die man gesond geword, sy goed opgetel en geloop.

**Handelinge 3:2-8**
Net toe word daar ‘n man aangedra wat van sy geboorte af lam was.  Sy mense het hom elke dag by die tempelpoort wat Mooipoort genoem is, neergsit om by die tempelgangers te bedel.  Toe hy vir Petrus en Johannes sien, net voor hulle in die tempel ingaan, het hy van hulle iets gevra.  Petrus en Johannes kyk hom toe stip aan, en Petrus sê:”Kyk na ons.”  Toe kyk die man na hulle in die hoop dat hy iets van hulle gaan kry.  Maar Petrus sê:”Geld het ek nie, maar wat ek het, gee ek vir jou: in die Naam van Jesus Christus, staan op en loop!”  Hy vat toe die man se regterhand en help hom op, en onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword.  Hy het opgespring en regop gestaan, en hy kon loop.

**Hulp vir leiers:**

Dit is om God te vertrou om sonder medisyne of bemiddeling van 'n dokter BONATUURLIK genees te word.

**5. GROEPWERK: Gawe van wonderwerke.**

Lees die volgende teksverse in die groep en probeer dan'n definisie skryf vir die Gawe van wonderwerke wat julle nou gaan lees.

**2 Konings 6:4-7**
Toe hulle by die Jordaan kom, het hulle bome afgekap. Terwyl een besig was om 'n boom af te kap, het sy byl in die water geval. Hy roep toe: "Ag tog, Meneer, en dit was boonop 'n geleende byl!" Die man van God het gevra waar die byl ingeval het. Toe die profeet vir hom die plek gewys het, het hy 'n stuk hout afgekap en dit daar ingegooi, en dit het die byl bo laat dryf. Hy sê toe vir hom: "Haal dit uit." Die man het sy hand uitgesteek en dit gevat.

**Johannes 6:1-14**[verkort sekere verse net uitgehaal]
Die Paasfees van die Jode was naby. Toe Jesus rond kyk en sien dat 'n groot klomp mense na Hom toe aankom sê Hy vir Filippus:"Waar kan ons brood gaan koop sodat die mense kan eet?" Filippus antwoord Hom toe:"Twee honderd mense se dagloon is nie eers genoeg om elkeen van hulle 'n stukkie brood te laat kry nie." 'n Ander dissipel, Andreas sê toe vir Hom: "Hier is 'n seuntjie met vyf garsbrode en twee vissies, maar wat is dit vir so baie mense?" Toe sê Jesus: "Laat die mense gaan sit." Die mans alleen was omtrent vyf duisend. Daarna het Jesus die brood geneem, God daarvoor gedank en dit uitgedeel aan die mense wat daar gesit het, en net soveel van die vis as wat hulle wou hê. Nadat die mense versadig was, sê Hy vir sy dissipels: "Maak die stukke bymekaar wat oorgebly het sodat daar niks verlore gaan nie." Daar was twaalf mandjies vol met stukke wat van die vyf garsbrode oorgebly het nadat die mense klaar geëet het. Toe die mense die wonderteken sien wat Jesus gedoen het,het hulle gesê: "Hy is werklik die profeet, die Een wat na die wêreld toe moes kom".

**Hulp vir leiers:**

Dit is as mens bonatuurlik en onverklaarbaar die natuurwette oorwin en 'n wonderwerk gebeur.

**6. GROEPWERK: Geloof**

Lees die volgende teksverse in die groep en probeer dan'n definisie skryf vir die Gawe van Geloof wat julle nou gaan lees.

**Mattheus 8:5-13**[verkort net sekere verse uitgehaal]
Nadat Jesus in Kapernaum aangekom het, het 'n offisier by Hom hulp kom vra en gesê: "Here, my slaaf lê by my huis verlam en verduur baie pyn." En Jesus antwoord hom: "Ek sal hom kom gesond maak." Maar die offisier sê: "Here, ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie. Sê maar net 'n woord, en my slaaf sal gesond word. Ek is ook 'n mens wat onder gesag staan en ek het soldate onder my. Vir een sê ek: "Gaan daarheen! En hy gaan, en vir 'n ander: Kom! En hy kom, en vir my slaaf: Doen dit! En hy doen dit". Jesus was verwonderd toe Hy dit hoor, en Hy sê vir die mense wat agter Hom aan gekom het: "Dit verseker Ek julle; Ek het nog by niemand in Isreal so 'n groot geloof teëgekom nie." Jesus sê toe vir die offisier: "Gaan terug, en wat jy geglo het, sal gebeur." En sy slaaf het op daardie oomblik gesond geword.

Mattheus 9:20-22
'n Vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het, het nader gekom en van agter af aan die soom van Sy klere geraak. Sy het vir haarself gesê: "As ek net aan Sy klere kan raak, sal ek gesond word". Jesus het omgedraai, haar gesien en gesê: "Wees gerus dogter, jou geloof het jou gered."

**<u>Hulp vir leiers:</u>**

Hierdie is iets anders as reddened geloof.  Dis ‘n bonatuurlike vertroue dat God die onmoontlike sal doen al het almal rondom jou al opgegee.  Dis om in ‘n wonderwerk te glo.

Kry terugvoering van groepe.

**Gebruik die videoclips: Tornado en die storie van die Dokter om hierdie drie Gawes aan die kinders te verduidelik.**

**8. Vraag in groepe:**

Wat dink julle is die doel van hierdie gawes?  Kry terugvoering van groepe.

**9. Samevatting:**

Die Heilige Gees bind ons saam as die Liggaam van Christus.  God gee hierdie gawes aan gelowiges van enige ouderdom tot die opbouing van Sy kerk.  Hierdie gawes is ‘n geskenk van God aan elke gelowige om mekaar te bedien.  Ons kan nie die gawes koop nie en ons moet ook dit nie vir onself wil hou nie.  Elke gawe is ewe belangrik, die een is nie belangriker as die ander een nie.

**10. SLUIT AF MET GEBED EN KRY JULLE SELFONE**

| Stelling | Moontlik | Onmoontlik | Onwaarskynlik | Nie seker |
|---|---|---|---|---|
| Jy gaan ‘n hond vandag sien. | | | | |
| Jy gaan ‘n goeie dag hê. | | | | |
| Die son gaan stil staan vir ‘n dag. | | | | |
| Jy gaan huiswerk doen. | | | | |
| Jy gaan iets eet vandag. | | | | |
| Jy gaan vanaand slap. | | | | |
| ‘n Donkie gaan praat. | | | | |
| Jy gaan ‘n reënboog sien. | | | | |
| Die weer gaan warmer raak. | | | | |
| ‘n Vrou gn op 90 haar eerste kind hê. | | | | |
| Jy gaan ‘n eier lê. | | | | |
| Jy gaan geld in ‘n vis se bek kry. | | | | |
| Jy gaan ‘n prentjie teken. | | | | |
| Jy gaan more sien. | | | | |
| Jy gaan drie voëls sien vlieg. | | | | |

**Antwoord vraag 8:**

**Gawes is geskenke van God wat aan elke gelowige gegee word om mekaar te bedien en ‘n verskil te maak in die werêld.**